# LANK LEWE DIE BUITER



Gerrie Radlof

# LANK LEWE DIE BUITER

*deur*

**GERRIE RADLOF**

*Uitgegee deur*:

SKATKIS BOEKE - UITGEWERS

Strand Mews Strand

2021

## Die Buiter Reeks Verhale

Die voorbladskets is 'n nuwe ontwerpte voorblad, spesiaal geskep om by die Buiter reeks se tema te pas.
Hierdie boek is die eerste uitgawe in e-boek formaat.

Kopiereg op hierdie verhaal is voorbehou en dit mag nie in die geheel of gedeeltelik herdruk word of versprei word sonder die nodige skriftelike toestemming van die uitgewer nie. Herdruk sluit in geen vorm van elektroniese of meganiese vorm, bv. deur middel van e-boeke, fotokopiëring, skryf, bandopname of deur enige ander manier vir inligtingsbewaring of ontsluiting. Al die karakters en gebeure in hierdie verhaal is denkbeeldig en het geen betrekking op enige persone, lewendig of dood nie.

LANK LEWE DIE BUITER
deur Gerrie Radlof

ISBN 978-1-928498-72-8

Uitgegee deur:
Skatkis Boeke - Uitgewers, Strand Mews, Strand 7140
Suid-Afrika

Kopiereg @ Pieter Haasbroek (2021)
Boek geredigeer deur Pieter Haasbroek
Aanlyn winkel: https://panther-ebooks.com
Webwerf: https://www.softcoverbooks.co.za

# OPSOMMING

Lees gerus die opwindende verhale van ’n man wat ’n merkwaardige dubbele lewe gelei het. Hy word die Buiter genoem. Mense sien hom as die rykste edelman aan die Kaap, die oënskynlik ledige en verveelde graaf Jean de Moreaux. Daar is ook die mooi Rossouw-susters, Jacques, Pierre, Phillip en sy getroue staatmaker, Andre. Hierdie paar getroue vriende wat sy identiteit ken en hom nooit sal verraai nie, ken hom as ’n onverskrokke waaghals wat ’n onuitblusbare regverdigheidsin het. Die publiek sien die geheimsinnige Buiter as ’n hoflike, adellike en kleurryke nagtelike ruiter. Hy is galant en word gevrees deur skurke. Tussen die hoë adellike kringe word hy hoog geag weens sy geld en status.

In die nagtelike ure kom die Buiter uit die skaduwees. Dan het hy ’n swart gewaad en masker oor sy gesig. Op die rug van ’n swart trippelende hings is hy gewapen met ’n swaard in sy hand, ’n vlymskerp rapier in die skede van sy saalsak en met sy twee pistole gereed in sy lyfband, is hy reg om enige gevaar aan te durf. As jy mooi kyk sal jy teen die hange van Leeuwberg ’n perd rats tussen bosse en struike deur sien vleg en soms meer as een, as die Buiter en sy bende uit is op jag. Hulle word nie gehoor nie en laat hulle ook nie keer nie. Die Buiter is sonder uitsondering op die toneel wanneer onreg gepleeg word en geen booswig ontsnap aan sy waaghalsige metodes van vergelding nie. Soos ’n moderne Robin Hood beroof hy die oorryk, ydele hoëlui om aan die armes uit te deel of hulle bende gaan herstel onregte wat gepleeg is teenoor minderbevoorregtes.

Dit is die era waar die klap van flitsende swaarde, pistoolskote en die donderende hoewe van talle perde in die nag gereeld gehoor kan word. Waar die gemeenheid en woordelose wreedheid van skurke met hul pofmoue en fluweel kniebroeke gesien kan word. Dit is die tydperk waar die aristokrasie heers en doen net wat hulle wil, tog kom hulle uiterlik voor as galante, buigende here van die Kaap. Wie egter verdruk of veronreg word deur die aristokrasie, moet gehelp word, maak nie saak hoeveel slotte, soldate of klipmure daar in die Buiter se pad is nie. Saam met sy vriende sluip hulle gereeld diep in die nag deur donker gangetjies, uitoorlê en oorrompel saam wagte en stuur hulle selfs die

ewigheid in, as die noodlot dit so beslis. Hulle nagtelike ritte is altyd vol opwindende aksie, avontuur en vele gevare en nie lank nie dan spat die vonke behoorlik.
In hierdie tweede Buiter verhaal reeks reken almal in die Kaap die Buiter is oorlede, maar skielik verskyn hy weer in sy volle glorie. Die gemaskerde ruiter op die glimmende swart hings of te wel die Buiter, soos hy by die burgers in die Kaap bekend is. Die keer kom hy te staan voor die genadelose wreedheid en die vlymskerp vernuf van ’n bobaas skurk, naamlik Percival Philip, wat al sy skelmstreke in Europa geleer het.

## UITTREKSEL

Hy weet dat hy self in sy swart mondering onsigbaar sal wees in die donker, maar hy sal teen die dowwe maanlig gesien word as hy om die hoek in die poort gaan.

Hy stamp sy voet liggies op die grond en klem sy pistoolloop in sy regterhand vas.

Binne in die gang hoor hy ’n skuifeling. Dan stilte. Iemand luister aandagtig.

“Wie is daar?”

Stilte.

Hy hoor voetstappe wat versigtig nader kom. Hulle is net om die hoek van hom af. Hy probeer sy oë rek om meer lig in te laat. Sy ondervinding van strooptogte in die nag, toe hy nog ’n voortvlugtige was, kom hom nou goed te staan. Hy sal die man sien sodra hy uit die poort kom. En hy self sal onsigbaar wees teen die muur.

Stadig kom die loop van ’n geweer te voorskyn. Dit is genoeg vir Jean. Hy spring soos ’n kat wat deur staalvere vooruit geskiet word. Sy pistoolkolf tref die man agter sy nek. Die Buiter vang die slap liggaam in sy een arm en gryp die geweer met die ander.

# INHOUD

## Hoofstukke

Hoofstuk 1.........................................................................Bladsy 8

Hoofstuk 2.........................................................................Bladsy 25

Hoofstuk 3.........................................................................Bladsy 41

Hoofstuk 4.........................................................................Bladsy 60

Hoofstuk 5.........................................................................Bladsy 73

Hoofstuk 6.........................................................................Bladsy 85

Hoofstuk 7.........................................................................Bladsy 108

Hoofstuk 8.........................................................................Bladsy 122

Hoofstuk 9.........................................................................Bladsy 133

Hoofstuk 10.......................................................................Bladsy 148

Hoofstuk 11.......................................................................Bladsy 164

# LANK LEWE DIE BUITER
## Hoofstuk 1

Agter ’n kliprant teen die hange van die Hottentots-Hollandberge staan drie perde onder ’n groot ’n knoeswortel-wildevyeboom vasgemaak. Tussen die krom takke en blink blare deur flikker die strale van die volmaan om ’n mengelmoes van skuiwende halfmaan-patrone op die swart, vrugbare aarde te werp.

Die perde staan stil, want hulle lyk moeg. Hul nekke is effens geboë en die flou strate weerkaats dof-blink teen die sweet op hul flanke.

Nader aan die krans, links van die groot wildevyeboom wat die rooi gloed van die vuurtjie van die klofie se kant af onsigbaar maak, sit drie mans gehurk. Hulle gesels ernstig en is so verdiep in hul bespreking dat hulle nie opmerk dat die vuur aan die uitbrand is nie. Onder uit die vallei sny ’n skerp windjie teen hul rûe vas, maar hulle merk dit ook nie.

“Dan moet ons soos diewe in die nag hier teen die hange saam kom,” sê die oudste van die drie, Petrus Henning, en hy skud sy waardige kop om sy diepe afkeer van die betreurenswaardige toestand van sake te benadruk. Die Stellenbosse boer se bruin oë is wakker in hul raam van fyn rimpels en sy ru volbaard het ’n koper skynsel in die flikkerende gloed van die kwynende kampvuur.

“Ek hou nie van julle soort reëlings nie, Jasper.”

Die jong man staar na die gloeiende kole. Sy hare staan effens wild op sy kop en sy prominente ken gooi ’n skaduwee oor sy mond en wange.

“Ek weet oom Petrus hou nie hiervan nie,” antwoord Jasper Boonzaaier en sy helder, welluidende stem klink verskonend en tog geensins toegewend nie. “Maar Marthinus Wessels is in ’n sel in die Kasteel. Ons drie het die grootste belang by hom. As enige iemand ons nou bymekaar sien, sal hulle dadelik lont ruik.”

“Ja, Jasper, maar jy is te haastig,” sê oom Petrus. “Ons moet ’n bietjie wag. Laat ons eers sien wat in die hof gebeur as Marthinus verhoor word.”

“Nee, oom, dit sal ons niks help nie.” Jasper skud sy kop heftig. Sy grys-groen oë vonkel onderwyl hy na die ouer man kyk. “Hierdie goewerneur is nog maar skaars drie maande hier en kyk hoe gaan dit! Hy stem eenvoudig met alles wat Philip sê, saam. Ek sê oom, ons sal

almal elke pennie van hierdie kastige vergoeding vir ons slawe verloor."
Petrus Henning sug diep. Hy staan op en rek sy stram ledemate so effe. Dan hurk hy weer neer en buk vooroor om 'n kooltjie behendig voor op sy pyp te gooi. Hy suig 'n oomblik ingedagte. Dan sê hy stadig.
"As ons goeie goewerneur tog maar nog hier was, sou dinge nie so erg gewees het nie. Hy sou sake dalk nog beredder het. Maar nou is elke boer op die Oosgrens reeds besig om te trek en sommer baie hier rond is ook aan die inpak. Ek weet regtig nie wat van ons gaan word nie. Ek voel nie lus om my goedjies en my grond waarvoor ek so hard gewerk het, sommer so goedsmoeds te verlaat nie."
"Dit is soos ons almal voel, Petrus," sê die derde man, Hendrik Wessels. Hy is 'n stil, teruggetrokke man, die soort by wie jy nooit 'n wrok teen sy medemens sou verwag nie. Sy gesig is langwerpig en lyk by die eerste oogopslag effens swak. Sy oë weerspreek egter daardie indruk. Hulle is helder en reguit en hy kyk nou stip na Petrus en Henning onderwyl hy praat.
"Die boere op die Oosgrens trek, maar daar is te veel van ons hier in die Weste wat liewer wil agterbly en ons eiendom en besittings behou, al gaan dit dalk later ook hoe moeilik."
"En al moet ons veg, oom!" vaar die jong Jasper Boonzaaier uit, onderwyl sy oë blits asof hulle die kampvuurtjie ook wil oortuig. "Ons moet veg vir ons regte. Dit help nie ons wag vir verhore nie. Dit is alles sommer oëverblindery. Marthinus is maar een van die vele van ons wat dieselfde paadjie sal moet bewandel."
"Maar alle agente is tog nie so sleg nie, Jasper. Party sal wel ons geld in Engeland kry en vir ons bring. Die geld kom ons immers toe vir die slawe wat ons verloor het. Marthinus was te haastig met sy sake."
"Hy was nie, oom," verdedig Jasper sy vriend. "Die agent het Marthinus laat verstaan dat hy net 'n kwart van sy geld sal kry. Hy het gesê dat hy reeds met die kantore in Engeland in verbinding was."
"Ja," sug Hendrik Wessels, "as die Regering maar net vir ons die vergoeding hier in die Kaap wou uitbetaal. Maar om darem te verwag dat ons die geld in Engeland moet gaan haal, is baie onredelik. Wat word in die tussentyd van ons boerdery? Dit neem maande om oor te gaan."
Jasper Boonzaaier staan ongeduldig op. Hy skop 'n klippie voor hom

weg sodat dit in die kole spring en klein vuurvonkies in die lug laat opskiet.
“Dit help nie ons praat nie. Marthinus is oom se neef en oom Petrus se susterskind. Hy is my beste vriend. Hulle gooi hom in ’n sel omdat hy vir sy regte veg. Ons kan tog nie niks daaromtrent doen nie!”
“Ja, ja, Jasper.” Petrus Henning staan ook op. “Ek weet dit goed. Ons het al genoeg daaroor gesels. Ek sal my neerlê by enige redelike besluit wat jy en jou klomp maltrap vriende neem.”
Jasper antwoord amper bitsig.
“My vriende is nie maltrap nie, oom. Ons voel ernstig oor hierdie saak. Dis ’n onreg teenoor die hele boeregemeenskap.”
“En wat gaan julle doen? Jy weet dat Marthinus oormôre na Engeland toe geskeep gaan word. Hulle sê dat dit ’n oortreding teen ’n bevel van die Britse regering was en dat die saak dus daar verhoor moet word.”
“Ek weet, oom. Klaas, Hannes en Gerhardus wag naby Wynberg vir my. Môreoggend, sodra die maan onder is, gaan ons vir Marthinus uit die Kasteel haal!”
Hendrik Wessels spring orent en Petrus Henning kyk die jong man stip aan.
“Dis rebellie, Jasper.”
“Ek weet, oom, maar dis al manier waarop ons hom gaan red. Ons moet beslis optree. As ons gaan lê onder die juk van hierdie verdrukkers, sal ons nooit weer opstaan nie.”
Petrus Henning raak skielik aan die lag.
“O so,” sê hy, “dan het jy al hierdie moeite gedoen net om my en Hendrik se ondersteuning te kry. Jy het reeds jou planne agter mekaar gehad.”
Jasper kyk half skuldig af na die kole.
“Ek is baie bekommerd oor Marthinus, oom. Maar ons is nog jonk. Sonder u en oom Hendrik se ondersteuning wil ons nie graag handel nie. U het by almal invloed en die boere sal na u luister. Met u toestemming sal dit ’n volksaak word en nie bloot net die onverantwoordelike optrede van ’n paar bog seuns nie.”
Petrus Henning en Hendrik Wessels kyk nou op hul beurt na die gloeiende kole.
“Ons waardeer dit, Jasper. God seën jul onderneming,” sê Hendrik

Wessels. “Mag jul optrede tot voordeel van hierdie kolonie strek en mag dit die einde van al die onderdrukking en wandade van hierdie onsimpatieke goewerneur inlui.”
Jasper Boonzaaier steek sy hand uit en oor die sterwende kole druk hy die van die twee ouer manne stewig.
“Ons sal probeer om nie geweld te pleeg nie. En nou moet ek ry, Hannes-hulle wag.”
Na nog ’n paar woorde maak hulle die perde los. Die diere lyk reeds weer uitgerus en Jasper se groot, bruin hings trippel lewendig rond.
“As ons nie herken word nie, sal ek môre by oom-hulle aankom. Anders sal ek later in die nag vir u kom sê waar ons ons skuilhou en kan ons besluit hoe ons die veldtog sal voortsit.”
’n Paar oomblikke later voel die perde stappie vir stappie hul pad teen die hang af. Onder in die vallei wuif Jasper nog een keer vaarwel en dan steek hy sy perd onder die spore.
Die hings skiet soos ’n boog oor die gelykte weg. Die maan is helder en hang nog hoog in die lug. Trouens, dit is lig genoeg om elke klip en bos in die pad te onderskei.
En Jasper Boonzaaier se gedagtes is ver voor hom. Hy dink aan Marthinus se suster, Suzanne. Hoe sal haar oë nie vonkel as sy moet hoor dat hy, Jasper Boonzaaier, haar geliefde broer uit die gevangenis bevry het nie? En miskien... daardie soentjie waaroor hy al so lank aanhou.
Maar dit is nie die soort gedagtes waarmee hy hom nou moet besig hou nie. Hannes, Klaas en Gerhardus wag. Hy weet nog nie mooi hoe hulle te werk sal gaan nie. Maar vannag moet Marthinus uit die Kasteel. En dan sal die poppe dans!
Hierdie soort ding kan nie voortgaan nie. Die een of ander tyd moet dit stopgesit word en dit is wat hulle vanaand gaan doen. Hulle staan immers aan die kant van wat reg is, hulle eis maar net wat hulle toekom. Al moet hulle veg! ’n Vryboer is nie onder ’n juk gebore nie, hoekom moet hy dan daaronder grootword?
Onwillekeurig gaan sy gedagtes terug na ’n jaar of wat gelede, toe die Kaap se vrede en stilte deur die strooptogte van die geheimsinnige Buiter gesteur was, die held van alle onderdruktes, die man wat van die rykes gesteel en aan die armes gegee het, die ruiter op die swart hings,

wat soos ’n spook uit die nag verskyn het en sy ryk slagoffers met meedoënlose, vrees inboesemende kalmte van elke pennie beroof het, om dan met mildelike vrygewigheid sy hand na die armes uit te reik en ewe onverwags weer in die nag te verdwyn.

En toe was daar die opskudding toe die graaf De Moreaux in die land aangekom het en die storie die ronde gedoen het dat hy die Buiter agtervolg. Skielik het die Buiter verdwyn of liewer, daar is niks meer van hom gehoor nie. Toe het die paaie van die Kaap weer vir die rykes en die regeringsbeamptes veilig geword.

Die ryk graaf De Moreaux het egter in sy groot huis in Buitengracht-straat aangebly en hy vry nou kliphard na die beeldskone Willa Rossouw. Daar word selfs gesê dat hulle binnekort gaan trou.

In sy binneste vervloek Jasper Boonzaaier die edelman met al sy rykdom. Want al slotsom waartoe hy kan kom, is dat daardie selfde graaf De Moreaux vir die dood van die Buiter verantwoordelik was. Vir so ver hy weet, was die destydse goewerneur ook by die saak betrokke, maar die goeie man is sedertdien vervang deur die huidige onderdrukker en tiran wat nou al die moeilikheid veroorsaak.

Hy wens dat die Buiter nog bestaan het! Hy sou hom opgespoor het, al het dit ook watter soektog gekos, en hy voel seker dat daardie weldoener hom en sy vriende nie in die steek sou gelaat het nie.

Maar, nou ja, en Jasper Boonzaaier haal sy skouers op. Hy en sy vriende staan nou alleen in die stryd. Hulle sal maar die beste van hul kragte gebruik moet maak.

Die maan het reeds ver na die weste toe gesak en nog steeds jaag hy onverpoos voort. Die bruin hings blink van die sweet in die maanlig, maar so geheg soos Jasper aan die dier is, spaar hy hom nie. Dit is Marthinus, sy goeie vriend en die broer van sy geliefde, se lewe wat op die spel is. En Jasper voel oortuig dat dit ’n saak van lewe en dood is, lewe of dood vir die hele bevolking van hierdie klein kolonie! Almal kan nie trek nie en die wat agter bly, moet vir hul regte veg. Hy en sy vriende sal die stryd aanknoop, die ander sal wel later hul voorbeeld volg.

Toe die maan reeds agter Leeuwberg weggesak het, ry hy op ’n stappie tussen die bome deur in Wynberg. Hy is laat vir hul afspraak, maar hy moes eers vir oom Petrus en oom Hendrik gespreek het. Met hulle aan

sy kant kan hy seker wees van die bystand van byna die hele boeregemeenskap van die Kaap. En Klaas-hulle sal buitendien nie omgee nie. Hulle sal opgewonde genoeg wees oor die gevaarlike en spannende avontuur wat vir hulle voorlê.

Onder ’n groot eikeboom runnik ’n perd. Jasper stuur die bruin hings daarheen en ’n oomblik later bespeur hy drie figure in die skaduwees.

“Is dit jy, Jasper?” Dit is Hannes Burger se stem.

“Ja. Ek is jammer dat ek laat is.” Jasper spring van sy perd af en lei die dier na die ander toe, want hy het besluit om hom ’n rukkie te laat rus in geval dit later nodig mag wees om baie vinnig weg te kom. Dit is baie donker onder die boom en hy kan skaars die gestaltes van die ander perde uitmaak.

“Het julle ’n perd vir Marthinus gekry?”

“Ja.” Hannes Burger tree uit die skaduwee. Sy breë skouers is duidelik sigbaar onder die ligte syhemp wat hy aan het. “Wat sê oom Petrus?”

“Hulle staan by ons.”

“A.” Klaas Durandt het ook vorentoe gekom en hy slaak ’n sug van verligting. Sy bokbaardjie en ruie snor beklemtoon sy afbuigende lippe. Hy voel nou waarlik verlig, want van die vier is hy altyd die meeste bekommerd oor die uitslag van alle ondernemings, hy skep altyd die indruk dat hy groot laste dra.

“Dan is alles nou in orde.” En hy glimlag, iets wat hy maar weinig doen.

“In die haak?” roep Gerhardus Marais uit. Hy voeg sy tingerige figuur by die ander. Hy lyk skraal en klein tussen sy vriende, maar menigeen het hom al met die jong man se spierkrag misgis.

“In die haak?” herhaal hy verontwaardig. “En die hele taak lê nog voor!”

“Dis mos kinderspeletjies!” sê Klaas. “Ek wil nog die garnisoen sien wat ons vier vanaand gaan keer.”

“Vanoggend, bedoel jy,” sê Jasper droog. “Kom, kêrels. Die maan is al onder.”

Hulle bestyg die perde en sit op ’n stywe galop af in die rigting van die Kaap. Hier en daar by die plaas-huise hoor hulle reeds die eerste hane kraai. Hulle praat nie baie nie, want elkeen is met sy eie gedagtes besig. Agter Leeuwberg is daar nog ’n dowwe skynsel en die buitelyn van die leeu is duidelik sigbaar. Hulle kan die sagte dreuning van die branders

in die baai hoor en waar die Kasteel staan, is ’n lig te bespeur.
“Ek dink ons moet die perde hier laat bly,” gee Klaas aan die hand. “Hulle sal te veel raas. Ek sien daar brand nog lig in die Kasteel.”
“Daar brand deesdae altyd lig in die Kasteel!” antwoord Jasper. “Daar is ook altyd wagte. Ons het dit tog immers verwag, nie waar nie?”
“Ja, maar ons hoef hulle darem nie te waarsku dat ons kom nie,” voer Klaas weer aan.
“In vadersnaam, Klaas,” bars Hannes uit, “moet jy alewig voorspooksels maak? Ons durf nie die perde hier los nie. Ons sal hulle broodnodig kry as ons besluit om haastig te vertrek.”
“Kom ons klim af,” beveel Jasper en sy bevel word nie betwis nie. “Ons lei liewer die perde nader.”
Tussen ’n paar bome en ruie bosse, ongeveer ’n kwartmyl van die Kasteel af, klim hulle af. Die wit strand is regs van hulle sigbaar.
“En nou niks meer gebabbel nie,” waarsku Klaas. “Bly net doodstil!”
Hulle stap in stilte voort. Feitlik onder die muur, aan die agterkant van die Kasteel, laat hulle die perde in een van die buitestrate staan. Die paar huise naby hulle is stil en donker. Hulle stap aan die seekant van die Kasteel verby.
“Versigtig nou.” Jasper hou sy arm op en die ander kom agter hom staan. Voor hulle brand ’n flou lig in die Kasteel ingang. “Daar sal ’n wag in die poort wees.”
“Wat gaan jy doen?”
“Ek sal vooruit loop. Volg my tot by die hoek van die hek en wag tot ek fluit. So.” Hy fluit sag en hoog soos ’n naguil.
Regs van hulle, van die Parade se kant af, antwoord ’n ander naguil. Jasper kyk vinnig in daardie rigting, maar dit is stikdonker.
“Wat is dit?” vra Hannes fluisterend.
“Het jy daardie gefluit gehoor?”
“Dit is ’n naguil. Wat daarvan?”
“Jy het seker die arme wyfie met jou namakery bedrieg,” sê Gerhardus.
“Dit maak nie saak nie.” Jasper kyk hulle stip aan. “Sodra julle my hoor fluit, volg julle my deur na die binneplaas toe.”
Hy wag nie op ’n antwoord nie, maar sluip versigtig in die rigting van die poort. ’n Oomblik luister hy aandagtig en dan loer hy om die hoek. Aan die ander kant van die poort staan ’n enkele wag teen die muur.

Die lig wat teen die dak hang, werp maar ’n flou skynsel in die breë ingang. Die binneplaas is in donkerte gehul.
Die wag staan met sy rug teen die muur. Sy geweer se kolf rus op die grond langs hom en sy kop rus vooroor op sy bors. Sy voete is gelukkig effens van mekaar af, anders sou hy seker omgeval het.
Jasper sluip voetjie vir voetjie nader. Kort-kort staan hy stil om eers te luister. Maar die Kasteel slaap rustig voort. Net een keer het die man effens geroer en Jasper het onrustig geaarsel voordat hy skielik weer op sy tone vorentoe snel, met sy pistoolloop stewig in sy hand geklem.
Sonder ’n sweem van bejammering lig hy sy hand op en met ’n dowwe slag tref die kolf die slapende man agter op sy nek. Jasper vang die slap liggaam in sy een arm en die geweer met die ander hand. Hy laat eers die soldaat neersak en dan lê hy die geweer teen die muur op die grond neer.
Vlugtig kyk hy rond voordat hy die bewustelose wag onder sy arms neem en hom om die hoek in die donker binneplaas sleep. Ook daar kyk hy rond, maar alles is in duisternis gehul en ’n doodse stilte heers. Dan was die gerugte aangaande die menigvuldige wagte tog nie waar nie. Net die een by die hek. Miskien is die goewerneur nie eens bewus van die gevaarlike gemoedstemming waarin die boere verkeer nie.
Hy slaak ’n sug van verligting, draf dan terug en tel die wag se geweer op. Agter hom in die binneplaas hoor hy meteens ’n geluid soos die grendel van ’n deur wat oopgeskuif word. Die klank weergalm hol deur die stil binneplein.
Jasper steek in sy spore vas. Roerloos luister hy, maar weer is alles rustig. En tog is die stilte nou vir hom onheilspellend en is hy bewus van die honderde gevare wat in die donkerte mag skuil.
Dan sluip hy terug na die binneplaas. Hy kyk na alle kante toe, maar sien niks nie. Miskien was dit sy verbeelding. Maar nee, die geluid was te helder en duidelik. Miskien was dit die koue môrelug wat ’n deurknip, wat op die grendelrand gerus het, laat val het. So probeer hy hom gerusstel, maar hy slaag nie heeltemal daarin om die gevoel van onrus af te skud nie.
Hoog en tog sag uiter hy die geroep van die naguil en soos skaduwees uit die nag kom sy drie vriende deur die poort aangesnel om hulle by hom aan te sluit. Tegelykertyd hoor hy weer die antwoord van die

wyfie, maar die ander naguiltjie is nou veel nader. Hy kry egter nie tyd om daaroor na te dink nie.

“Wat nou, Jasper?” Dit is Klaas Durandt. Sy lippe dui meer pessimisme aan as gewoonlik, maar sy hees gefluister is nietemin opgewonde. Hy is gereed vir enige waaghalsige onderneming.

“Ons sal in die wagkamer moet soek. Ek dink dit is een van die vertrekke weerskante van die poort.” Jasper dink ’n oomblik na. “As daar net een wag was, mag hy selfs die belangrikste sleutels by hom gehad het. Kom ons gaan kyk.”

Hy buk haastig oor die stil figuur van die bewustelose wag en deursoek sy sakke.

Agter hom staan sy drie vriende. Gerhardus en Hannes hou hom dop, maar Klaas Durandt staan met sy rug op hulle gekeer. Sy oë dwaal oor die donker binneplaas. Hy kan skaars die buitelyn van die binne-geboue voor hom uitmaak.

Iewers hier binne slaap die goewerneur, die man wat hom met sy onoordeelkundige optrede die haat van die hele boerebevolking op die hals gehaal het. Almal het gedink dat hy daarvan bewus is en in ’n mate van vrees lewe en dat hy hom daarom van soldate moet omring om snags gerus te slaap. En hier stap vier jong mans sonder moeite by die poort in om hul vriend uit die selle te kom red! Die goewerneur is seker nie so bang soos hulle dink nie of miskien is hy bewus daarvan dat die gerug van sy talryke wagte die ronde doen en is hy daarom gerus.

“Daar is nie ’n enkele sleutel by die vent te kry nie.” Jasper se ongeduldige gefluister maak inbreuk op sy gedagtes. Hy draai om. Van die vier is hy die enigste wat sy pistool in sy hand het.

Op daardie oomblik bars ’n deur links van hulle oop. ’n Helder, verblindende lig skyn in hul oë en voordat hulle van hul skrik kan herstel, gaan ’n ander deur agter hulle, aan die ander kant van die poort, ook oop. Die hele omgewing is meteens helder verlig deur die twee ligte wat nou van weerskante op die vier jong boere skyn.

Die vier vriende staan asof hulle versteen is. Geleidelik raak hulle gewoond aan die lig en dan sien hulle die twee mans, een in elke deur, wat met die lampe omhoog staan, en onder hul arms deur kom ander soldate uitgedraf om die vier te omsingel met hul geweerlope dreigend op hulle gemik. Altesaam is daar tien soldate, saam met die twee wat

die lampe vashou en selfs hulle het pistole gereed in die een hand.
Heel laaste kom ’n offisier te voorskyn. Hy moet buk om onder die deurkosyn deur te kom. ’n Meerderwaardige, tevrede glimlag speel om sy dik, sinlike lippe. Sy donker, amper bruin gesig blink in die strale van die lamp.
Hy kom ’n paar tree vorentoe. Hy stap op sy gemak en heel windmakerig. Sy breë heupe swaai heen en weer. Dan staan hy voor die vier jong kêrels wat nou sy gevangenes is. Sy hande rus los op sy heupe.
“Soos julle kan sien,” sê hy tevrede, “het ons julle verwag.” Hy lag spoggerig. “Dink julle ek is aan die slaap? Ek? Kaptein Otto Mehrens! Held van elke slagveld in Europa en bekend in elke land in al die uithoeke van die wêreld! Hoekom dink julle baklei konings om my dienste? Hoekom dink julle bied hulle my ’n koninklike rantsoen aan vir ’n salaris?” Hy lag weer en kyk dan met selftevredenheid na die vier ongelukkige boere.
Al vier ken hierdie wreedaard. Hulle het ook al die stories gehoor van die grootbek wat uit Oos-Indië hier aangeland het en weet goed dat die goewerneur hom oorgehaal het om in sy diens te tree, deur hom ’n ontsaglike besoldiging aan te bied. Trouens, dit is as gevolg daarvan dat die gerug versprei het dat die goewerneur vir sy lewe begin vrees en dat hy toe allerhande voorsorgmaatreëls getref het, voorsorgmaatreëls waaroor daar nou geen twyfel meer kan wees nie, nog minder oor die deeglikheid daarvan.
Waar baie aanvanklik gespot het met die aanstelling van hierdie buffel, het hulle gou genoeg anders begin dink en die skimpe het al minder geword. Otto Mehrens is ’n grootprater, maar sy spoggery is nie op niks gegrond nie. Hy het binne ’n paar dae bewys dat hy ’n gevoellose wreedaard is en dat hy ’n skerpsinnigheid besit wat menige generaal hom sou beny. Daarby is hy slinks en brutaal.
Nou geniet hy die viertal se verknorsing ten volle.
“Julle het gedink ek sou nie so ’n onnosel aanval verwag nie?” Hy lag. “Aanval? Asof ’n muggie nou ’n olifant kan seermaak! Natuurlik sou julle vannag daardie misgewas van ’n Marthinus Wessels kom probeer bevry het. Vannag of môrenag. Ek het julle verwag. Maar ek het darem gedink dat julle my nie so sou beledig nie. Net vier van julle! Ek het ’n hele kommando verwag, Vier bog snuiters wil die groot Otto Mehrens

probeer uitoorlê! Ha!”
Hy spoeg verontwaardig voor hom op die plaveistene.
Die vier vriende staan nog doodstil. Klaas Durandt het reeds ten volle van die skrik herstel en hy het half filosofies sy skouers opgehaal. Die pistool hang slap in sy regterhand. Maar hy sal dit nie gebruik nie. Hy kan Otto Mehrens van die gras af maak, maar dit sal sy eie lewe en die van sy drie vriende kos. Sy afbuigende lippe is ferm op mekaar gepers. Teëspoed en ongeluk is blykbaar maar sy lot.
Hannes Burger en Gerhardus Marais staan met hygende borste. Hul oë vlam vanweë die beledigende toon wat die wrede man hier voor hulle aanslaan. Maar hulle bal slegs hul vuiste. Hulle is inderdaad gevang. Desnoods verwag hulle leiding van hul vriend.
Maar Jasper Boonzaaier is nie in staat om leiding te gee nie. Sy leierskap het bloot uit sy vurige vasberadenheid gespruit. Nou is sy grys-groen oë gevaarlik, blitsend en op nou skrefies getrek. Die laaste belediging van die offisier het soos ’n mes deur hom gesny. Hy het nog nooit geleer om sy humeur te bedwing nie en nog altyd het hy sonder voorbedagte rade gehandel. Vanaand het hy sy vriende halsoorkop in hierdie lokval gelei. Want as Jasper Boonzaaier hom eers eenmaal ’n doel gestel het, voer hy dit uit sonder om verder te dink.
Sy enigste gedagte nou, onderwyl die gesig van hierdie selfversekerde gespuis hier voor hom hom pynig, is om dit te verpletter en te vermorsel. Alle ander oorwegings verflou in sy verwoede brein.
Met ’n hees geroggel van onbeheerste haat spring hy vorentoe. Sy hande is uitgestrek om die offisier aan sy keel te gryp.
Otto Mehrens verskuif skaars van posisie. Hy swaai net sy kop effens na links en sy groot regtervuis kom soos ’n klip agter teen Jasper se nek neer. In sy vaart struikel die jong boer en slaan teen die klip-plaveie vas. Sy vriende tree onwillekeurig vorentoe en Klaas Durandt lig sy pistool op. Die soldate om hulle verstyf en hul gewere word effens hoër opgelig. ’n Sersant snou hulle ’n bevel toe.
“As die skurke roer, skiet julle!” Die drie jong boere staan stil.
Jasper het soos ’n stuk gomlastiek opgespring en storm weer op die kaptein af. Die jong man dink nie meer normaal nie, hy sien niks voor hom nie, net die dowwe figuur wat soos ’n gedrog voor hom sweef. En hy wil moor en hy wil nou verbrysel!

Otto Mehrens is kalm en bedaard. Hy ken sulke omstandighede en hy is tuis daarin. Sy reuse krag maak hom onbevrees vir enige lewende wese.

Hy het stadig omgedraai en wag nou op die verwoede aanval. Weer gaan sy hand omhoog en harder as tevore slaan sy vuis teen die jong boer se slaap. Soos ’n stomp hout val Jasper Boonzaaier op die grond neer.

Otto Mehrens kyk na die bewustelose liggaam, want Jasper staan nie weer op nie. Die kaptein se lippe bewe liggies en die hoeke trek af ondertoe. ’n Wrede, onmenslike gloed brand in sy oë. Hy roer die gevalle man met sy voet aan.

“Krause!” blaf hy uit en een van die soldate spring vorentoe asof ’n sweep hom geklap het. “Slaan sy kop met jou geweerkolf in!” En Otto Mehrens draai weg en kyk na die ander drie boere. Hy is klaar met die een op die grond.

Sonder aarseling lig die soldaat sy geweer op. Hannes Burger en Gerhardus Marais snak gelyktydig na hul asem en dit is asof hul liggame inkrimp soos hulle hul spiere saamtrek vir die sprong wat die lewe van hul vriend, hoe tydelik ook al, sal red. Hulle het hierdie avontuur saam aangepak en hulle sal dit saam beëindig.

“Net ’n oomblik!”

Die geweerkolf bly omhoog asof die skielike woorde dit daar vasgeanker het. Die twee jong boere verstyf met gespanne spiere. Klaas Durandt sug hoorbaar.

Almal draai hul koppe na die poort toe, want dit is daarvandaan dat die vreemde stem gekom het, ’n stem wat sag en welluidend is en tog die uitwerking van ’n verblindende bliksemstraal op hulle almal het.

Selfs kaptein Otto Mehrens staan verslae. ’n Oomblik of twee, altans, sê of doen hy niks nie. Hy staar net saam met die ander na die donker figuur onder die enkele lig in die poort, die man wat hulle in die rede geval het.

Die groot, pikswart hings staan soos ’n standbeeld wat tot in die kleinste besonderheid volmaak gevorm is. Die spiere in sy bene en sy nek, wat fier regop pryk met net ’n effense buiging asof hy sy baas wil toelaat om daaroor heen te sien, is blink belyn deur die weerkaatsende lig van die lamp.

Die ruiter self is in swart, noupassende fluweel gekleed. Sy breë skouers steek bokant die perd se kop uit. ’n Masker bedek sy oë, maar hulle blink deur die skrefies asof hulle strale uitskiet. Die ruiter se regterhand rus op sy heupe en sy linkerhand hou die toom liggies vas. Twee pistoolkolwe steek uit leerhouers weerskante van die saal.

Hy lyk volkome op sy gemak. Daar is ’n ligte glimlag om sy lippe asof hy die toneel baie interessant vind.

“Julle word ’n bietjie baldadig,” vervolg hy kalm. “Dis nie mooi om mense se koppe met geweerkolwe inmekaar te slaan nie. Veral nie as daar sulke buffels teenwoordig is soos die groot, vet kaptein nie. Hoekom kies jy nie jou eie portuur om te slaan nie, Otto Mehrens?”

Kaptein Otto Mehrens het geleidelik sy selfbeheersing herwin. Hy het wel groot geskrik, maar dit was omdat die inmenging so onverwags gekom het en omdat die man in die poort so ’n onheilspellende kalmte aan die dag lê. Hy weet hoekom niemand die ruiter gehoor of gesien het voordat hy gepraat het nie. Almal se aandag was op die vervlakste boer wat so lastig was, gevestig.

Maar hy sal nou iets moet doen. Dit is belaglik dat een man sy planne sal fnuik. En tog is die ervare en geharde Otto Mehrens bewus van ’n vae vrees, want die stil figuur dwing agting af. Die blote feit dat hy daar so kalm sit asof hy onkwesbaar is, is genoeg om enige mens onrustig te stem.

Intussen het die twee soldate met die lampe ook nader gestaan om te sien wat aangaan. Die lig skyn nou helderder op die swart gedaante voor hulle.

Otto Mehrens aarsel nie langer nie.

“Skiet hom plat!” bulder hy meteens. Hy onderdruk sy begeerte om die man te laat vang. Sy mondering is genoeg aanduiding dat hy ’n buitengewone persoon is. En die kaptein is vir die lewens en veiligheid van almal in die Kasteel verantwoordelik. Hy durf nie ’n waagstuk onderneem nie. Eers die vier boere en nou hierdie verskynsel. Daar mag ’n hele kommando daar buite wees.

Maar onderwyl hy nog praat, het daar reeds lewe in die stil figuur gekom. Soos blits beweeg sy hande na die leerhouers langs die saal en die volgende oomblik blits twee pistole byna gelyktydig, onderwyl die skote in die poort weergalm.